**SPESIALE UITGAWE OP VERSOEK**

**Uitgawe 52– JUNIE 2025**

# BRANDPUNT FOTOKLUB NUUSBRIEF



**Diane Goncalves**

**Medaljewenner Paarl Salon**





**Peter Thomas**

**Medaljewenner Magalies Salon**






**Deidrè Schnetler**

**Medaljewenner Paarl Salon**



## Kontakbesonderhede

Bestuurslede:

Diane Goncalves - Voorsitster en Skakelbeampte - 073 160 4173

Jan Roos - Onder Voorsitter - 082 331 4506

Albertino Goncalves - Puntemeester en Salondirekteur - 083 376 2218

Ingrid Orrock - Sekretaresse - 083 233 6906

Johan Potgieter - Tesourier - 082 808 0302

Peter Thomas - Sosiale Media en Opleiding - 078 191 1736

Carlos da Silva - Vise - Puntemeester, Algemene bystand weglede - 082 723 6151

Karin van der Mescht - Nuusbrief en Bemarking - 082 921 5561

## Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Bladsy 1 | Voorblad. |
| Bladsy 2 - 3 | Inligtingsblad, inhoudsopgawe, mediaverwysingsblad. |
| Bladsy 4 - 11 | Wenfotos van Januarie 2025. |
| Bladsy 12 | Klubtemas vir die jaar, datums, YouTube opnames van vergaderings. |
| Bladsy 13 | Impala lys. |
| Bladsy 14 | PSSA. |
| Bladsy 15 | Brandpunt jaarlikse kompetisie |
| Bladsy 16 | Brandpuntfotoklub sukses |
| Bladsy 17 - 31 | Appreciation wall |
| Bladsy 32 - 41 | Spogblad |
| Bladsy 42 | Verjaarsdae |
| Bladsy 43 | Redaktrise slotsom |


# Inligtingsblad

## Webblad

https://www.brandpuntfotoklub.co.za/

## Facebook blaaie

**Brandpuntfotoklub**

https://www.facebook.com/groups/316793805689160

**Brandpunt Fotoklub**

https://www.facebook.com/search/top?q=brandpunt%20fotoklub

**In Fokus Brandpunt**

https://www.facebook.com/groups/758879147534055

***Brandpuntnuusbriewe op PSSA webblad***

Southern Gauteng Clubs – Photographic Society of South Africa

**Klik of dubbel klik op die internetskakels orals in die Nuusbrief en dit sal jou direk na die verskeie webblaaie toe neem.**

Van die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.

## Wie en wat is Brandpunt Fotoklub

Brandpuntfotoklub is ‘n fotografieklub gesetel in Alberton, Gauteng.

Oud en jonk, baie ervare en grasgroen nuwelinge vind ‘n plekkie by Brandpunt Fotoklub.

Die uniekheid van hierdie klub is dat die voertaal Afrikaans is en dat dit wêreldwyd per Zoom bygewoon kan word.

Ons hou twee virtuele klubaande per maand waarvan een vir kamerafotos  en een vir selfoonfotos is.

Elke 2de Dinsdag van n maand is dit Kamerafotos, 2 weke later is dit dan Selfoonfotos.

Dit begin stiptelik om18h45, Suid Afrikaans tyd. Lede sal ‘n Zoom uitnodiging ontvang in die loop van daardie dag.

Die datums is  altyd op die Klubvergaderingsbladsy, bladsy 12, in die Brandpunt Fotoklub Nuusbrief, soos hierdie een.

Omdat die klubaande  virtueel op Zoom is, stel dit ons in staat om lede landswyd en wêreldwyd te verwelkom.

Ons het selfs lede so vêr as Swede en Kanada wat ons vergaderings bywoon.

Die enigste voorwaarde is dat die lid, Afrikaans, magtig moet wees.

Dit word sterk aanbeveel dat die lid n verwerkingsprogram soos Photoshop of Lightroom en ’n goeie rekenaar moet hê.

Dis natuurlik vanselfsprekend dat mens ‘n kamera moet hê wat verskillende verstellings het waarmee jy ‘Aperture’, ISO, ‘Shutter’ ens. kan stel.

Dan moet mens ook ‘n lid van hierdie klub wees.

Die tarief op die oomblik vir 2025 is R500 per jaar. Spotgoedkoop.

Dit werk omtrent R23 per aand uit vir ‘n heerlike sessie wat omtrent 2 ure duur. Dis verby in ‘n oogwink.

Die opleiding, kameraadskap, leiding, idees, aansporing, groei, kompetisies, werkswinkels, uitstappies, raad, nuusbrief, met skakels na klubaande en tutorials ens,  om net ‘n paar te noem, kan geld nie koop nie.

Boonop, meeste van dit, in die gerief van jou eie huis.

Op die inligtingsblad, bladsy 2, is meeste die skakels.

Dit gaan na ons Facebook blaaie wat deur die jare begin was deur verskeie lede met nuusbrokkies en fotos.

Vir verdere inligting besoek ons webwerf by www.brandpuntfotoklub.co.za. SKAKEL  Brandpunt Fotoklub

Hierdie webwerf was gebou en word steeds in stand gehou deur ons fotograaf Peter Thomas (Grootmeester Silwer).

Meeste van Brandpunt Fotoklub se fotograwe is deur Peter Thomas geslyp. Sien ook sy Instagram  @Peterjasie

## Wenner van Mei se Kamerafoto - Senior Tema - Menslike Belang (Human Interest)



**Fotograaf Nick van der Mescht**

**Sitting on the pavement**

**6 Ster**

**Wenner van Mei se Kamerafoto - Senior  Natuur**



**Fotograaf Jan Roos**

**Incoming Kingfisher late afternoon**

**5 Ster**

**Wenner van  Mei se Kamerafoto - Senior  Ope**



**Fotograaf Sarie du Plessis**

**Istanbul Guler in rooi**

**4 Ster**

**Wenner van Mei se Kamerafoto - Junior Tema - Menslike Belang (Human Interest)**



**Fotograaf Mari Rossouw**

**Game over**

**2 Ster**

**Wenner van Mei se Kamerafoto - Junior Natuur**



**Fotograaf  Mari Rossouw**

**Catch of the day**

**2 Ster**

**Wenner van  Mei se Kamerafoto - Junior Ope**



**Fotograaf Lucia Hewitt**

**The Nectar Moment**

**3 Ster**

## Wenner van Mei se Selfoonfoto - Tema -  Landskap



**Fotograaf  Nick van der Mescht**

**Vrederus Sonsak**

**6 Ster**

**Wenner van  Mei se Selfoonfoto - Ope**



**Fotograaf  Ingrid Orrock**

**Cinderella in flight**

**3 Ster**

# KLUBVERGADERINGS 2025

Elke 2de Dinsdag van die maand is dit kamera aand .

Die laaste Dinsdag van die maand is dit selfoon aand.

**Alle opnames op hierdie bladsy is waargeneem en verskaf deur Albertino Goncalves.**

## Klubaand  Kamera Fototemas

**Junie -  Panorama**

**Julie - Makro**

**Augustus– Diere portret**

**September - Stillewe**

**Oktober -  Bewegende water**

**November  - Liggaamsdeel  bv hande**





**Klubaand  Mei  2025**

Brandpunt Mei 2025 Klubaand met Natasha Bird

**Selfoonaand  Mei 2025**

Brandpuntfotoklub 27 Maart Selfoon met Landskap Lesing



## Selfoon Temas

**Junie -  Kosfotografie**

**Julie - Iets vaarvoor jy bang is**

**Augustus - Monochrome**

**September - Double exposure**

**Oktober -  Motorfietse**

**November -  Wierook/Incense**















**Kamerafotos 4**

**10 Junie op ZOOM - 18H45 - NB**

**TEMA -  Panorama**

**+ 3 KAMERAFOTOS (ope  of  natuur  - kleur of mono )**

***Naskrif……….SLUITINGSDATUM  8 Junie 23h59!!!!!***





**Selfoonfotos  3**

**24 Junie op ZOOM - 18H45– NB**

**TEMA -  Kosfotografie**

**+ 2 SELFOONFOTOS (ope)**

***Naskrif….. SLUITINGSDATUM  22 Junie 23h59!!!!!!***

Die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.

## Salon Resultate vanaf PSSA Impala Lys — 24 May 2025

| Tot en met Salon | Van Bosveld tot Paarl | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Fotograaf** | **Posisie** | **Punte** | **Posisie Beweging** | **Punte Beweging** |
| Peter Thomas | 21 | 153 | -4 | 12 |
| Karin van der Mescht | 96 | 69 | -10 | 1 |
| Jan Roos | 99 | 66 | 19 | 12 |
| Ingrid Orrock | 119 | 59 | -10 | 4 |
| Diane Goncalves | 173 | 41 | 34 | 11 |
| Melandie Kleinhans | 196 | 37 | -23 | 0 |
| Sarie du Plessis | 202 | 36 | -3 | 4 |
| Nick van der Mescht | 217 | 33 | -8 | 3 |
| Lucia Hewitt | 227 | 31 | -11 | 2 |
| Elsa van Dyk | 248 | 26 | -4 | 2 |
| Irene Kok | 291 | 21 | 79 | 8 |
| Albertino Goncalves | 367 | 14 | 12 | 2 |
| Nico Putter | 439 | 11 | -14 | 1 |
| Marinda van Heerden | 507 | 8 | 87 | 3 |
| Louis Mouton | 535 | 7 | -29 | 0 |
| Meryna Smith | 690 | 4 | -25 | 0 |
| Estelle Mouton | 726 | 3 | -22 | 0 |
| Carlos da Silva | 892 | 1 | -45 | 0 |
| Gemma Anniciello | 892 | 1 | -25 | 0 |

Die maand sien ons groot spronge in posisie met 87 plekke vir Marinda, 79 vir Irene, en 34 vir Diane.

Jan Roos en Peter Thomas het albei 12 punte ingeoes. Let op hoe taai raak dit al hoe nader jy aan die top 20 beweeg. In ons geval sak Peter met 4 posisies terug ten spyte van sy 12 punte, waar Jan 19 posisies opskuif met sy 12 punte.

Dieselfde fenomeen gebeur met Diane wat 11 punte bykry en 34 posisies opskuif, Irene wat 79 posisies klim met 8 punte en Marinda wat 87 posisies opskuif met 3 punte.

Dus vir die van ons wat op die ranglys is, maak min punte n groot verskil in posisie. As n lid net 1 punt per salon klim, verander die posisie merkwaardig.

Ek verwag groot dinge wanneer ons nuwe lede in die volgende Impala kompetisie inskryf as Brandpunters.

Ons Juniors het een salon wat kom wat net vir julle is - skiet die ligte uit voordat julle nou in die senior posisies begin deelneem.

**Opgetrek en saamgestel deur Nick van der Mescht**

# Photographic Society of South Africa (PSSA)

Jy kan direk na die webblad toe gaan met interessante onderwerpe om te ondersoek . As jy nie 'n lid is nie, sal jy sekere skakels nie kan oopmaak nie.

Gaan gereeld na PSSA se webblad en kyk na die goeie fotos en verskeie kompetisies om jou te inspireer.

Ons klub word onderskryf deur die PSSA.

Dit beteken ons klub se werk word gemeet volgens nasionale en internasionale standaarde.

Ons werk onder alle reels wat vasgestel word deur die PSSA.

## PSSA

**Opkomende PSSA Salon Kalender**

2025/06/07 Ballito Salon

2025/06/14 Tafelberg Salon

2025/06/21 PSSA Salon Up and Coming


———————————————————

2025/07/01 Amber Salon

2025/07/05 Witzenberg Salon

2025/07/15 Danube Salon

2025/07/19 Edenvale Salon



**Meer inligting/skakels om na te slaan**

https://www.photovaultonline.com/photovault/help/PhotoVaultOnlineClubAdministratorsHandbook.pdf

https://pssa.co.za/


https://pssa.co.za/pssa-salons/

https://pssa.co.za/diamond-ratings-and-salon-honours/

BRANDPUNT FOTOKLUB









Die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.

## **Brandpunt jaarlikse klub kompetisie**

Die Brandpunt kompetisie se uitslae was direk na Meimaand se selfoonfotos se beoordeeling aangekondig.

Dit was ‘n groot jammerte dat die deelname so swak was. Baie moeite was ingesit om pryse vir elkeen te kry.

Diane en Tino het die voëltjie fotos weggestuur na Roelof Groesbeek.

Die handelsmerk fotos na Oupa Coetzee.

Die 4 fotos se punte is bymekaar getel. Dus is dit 'n punt uit 60.

Dankie aan Karin wat die Alta Oosthuizen geskenk bewys gereël het.

Jan Roos wat die 2 geskenk bewyse van Outdoor Photo se drukwerk afdeling georganiseer het.

Roelof Groesbeek wat 3 van ons lede op 'n wildrit deur Rietvlei reservaat in Pta gaan neem.

Peter Thomas wat toelaat dat Stephan Fourie vir hom en 4 ander lede gaan model speel.

Brandpunt betaal Stephan. Die gelukkige wenners gaan beslis salon aanvaardings kry vir die fotos.

Martin Dudley het ook 2 lesse van 2 ure geskenk.

Daar is so 'n paar geskenkbewyse en nog ander kleiner pryse. 21 lede het pryse ontvang.

Dus, volgende jaar, as daar ‘n kompetisie is, let op in die klas.

Bo en behalwe die pryse, verdien jy ook klubpunte wat help vir jou bevordering.

So moet dit nie gering skat nie.

Die wenner van die kompetise was Wynand Scholtz. Veels geluk Wynand.

Hiermee die skakel na die uitslag van die kompetisie en die fotos wat ingeskryf was.

Julle sal let dat daar heelwat fotos was wat nie heeltemal aan die vraag/taak voldoen het nie.

Brandpunt Kompetisie 2025

BRANDPUNT FOTOKLUB

# Brandpuntfotoklub sukses

Die einde van Junie 2025 is die einde van PSSA se boekjaar Junie 2024 -  Junie 2025.

Dit is dus ook die finalisering van die Impala se punte geakkumileer oor die jaar.

Die laaste 3 salonne wat oor is, moet julle skouer aan die wiel sit.

Brandpuntfotoklub het baie goed gedoen hierdie afgelope jaar.

Uit die 96 klubs landwyd,  lê ons  11de  sover.

Ons sal streef om nog beter te doen in die toekoms.

Ons wil  kyk om 2025 - 2026 hoër op te skuif op die nasionale klub punteleer.

Dit verbeter nie net ons fotografie nie, maar ook  versterk dit ons in wese as mense.

Daar is verskeie redes daarvoor. En juis om hierdie redes versterk dit ons as wesens,

by Brandpuntfotoklub spesifiek.

Dit is juis hierom, dat Brandpunt so ‘n spesiale klub is.

**Redes**

- Sterk Kommunikasie.
- Spanwerk.
- Gemeenskaplike einddoele
- Wedersydse ondersteuning  aan mekaar.
- Dit lei na verhoogde produktiwiteit  en  nuwe idees.
- Ons span blink uit in konflik resolusie, aanpasbaarheid en  aanspreeklikheid.
- Dit bevorder ‘n positiewe en produktiewe omgewing vir almal.


Vir hierdie resultate is daar baie faktore wat bydra tot die sukses van die klub.

- Opleiding
- Bestuur van die klub
- Kalliber van fotograwe/klublede

Karin









# APPRECIATION WALL

'n Spesiale Dankie aan Diane, Tino en die Komitee

Ons wil graag vir 'n oomblik stilstaan en opregte waardering uitspreek teenoor ons voorsitter, Diane, en ondervoorsitter, Tino, vir alles wat hulle vir Brandpunt Fotografieklub doen. Julle leierskap, deursettingsvermoë en entoesiasme is die dryfkrag agter die klub se sukses en groei. Julle maak dit moontlik vir ons almal om ons kreatiwiteit te ontwikkel in 'n ruimte waar inspirasie en samehorigheid hand aan hand gaan.

Maar geen sukses staan op twee skouers alleen nie, daarom sê ons ook 'n groot dankie aan die res van die komitee. Julle harde werk agter die skerms, van beplanning tot uitvoering, hou die ratte van die klub konstant aan die draai. Of dit nou is om 'n probleem stil-stil op te los, nuwe idees na die tafel te bring of net elke geleentheid met entoesiasme aan te pak, julle teenwoordigheid en toewyding maak 'n werklike verskil. Ons sien uit na nog vele inspirerende oomblikke saam, onder die leiding van so 'n toegewyde span.

Deidre Schnetler

**Fotograaf Ingrid Orrock**








# APPRECIATION WALL



Hierdie idee is afkomstig van Deidrè Schnetler.

Diane en Tino is 'n gedugte span en sorg daarvoor dat Brandpuntfotoklub op geoliede wiele loop.

Die Brandpuntlede sien dit raak en spreek hul waardering daaroor uit.

Tino – Wel as ek aan Tino dink, kom die naam "Gentle Giant" op. Tino is die een persoon wat alles gee vir Brandpunt en sy mense en niks terug verwag nie. Toe ek by Brandpunt ingeskakel het, het hy my aan die gang gekry, terwyl hy op 'n toer oorsee was – wie anders sal dit vir nuwe klub lid doen. Tino baie dankie vir jou harde werk om die klub aan die gang te hou !

Diana – Wel as ek aan Diane dink, kom die naam "Busy Bee" op. Diane jy is 'n organiseerder van formaat. Jy kry almal van ons om saam te werk. Jy sal enige tyd van die dag of aand my antwoord op 'n vragie – en as jy dit vir my doen dink ek jy doen dit vir almal – dit moet so baie van jou persoonlike tyd opneem – en jy doen dit sonder om te kla.

**Melandie Kleinhans**

Diane and Tino



For every late night and every quiet moment spent helping behind the scenes - thank you!

I see your quiet and tireless leadership and appreciate you. You give without expecting applause - this is your standing ovation.

We are all better for it. Thank you for being calm in the chaos and the spark behind the scenes.

**Lucia Hewitt**

Liewe Diane,

Baie dankie vir al jou harde werk en onwrikbare toewyding aan die fotoklub. Jou entoesiasme, kreatiwiteit en deursettingsvermoë is aansteeklik en het 'n groot bydrae gelewer tot die sukses van die klub.
Ons waardeer alles wat jy doen – van die beplanning van aktiwiteite tot die vasvang van spesiale oomblikke en die aanmoediging van ander lede om hul passie vir fotografie verder te ontwikkel. Jou insette maak regtig ’n verskil.
Dankie dat jy altyd bereid is om meer te gee as wat verwag word. Jy is 'n aanwins vir die klub en ’n inspirasie vir ons almal.

Jou harde werk, toewyding en positiewe gees maak regtig ’n groot verskil.
Ons sien veral hoe jy tyd maak om die nuwe lede te help en in te trek – dit beteken baie. Jy laat almal welkom en gemaklik voel, en dis iets besonders. Dis danksy jou dat soveel van hulle sommer van dag een af deel voel van die klub.
Jy is ’n groot deel van wat hierdie klub so spesiaal maak. Dankie dat jy altyd bereid is om jou hand op te steek en met ’n glimlag te help waar jy kan.
Ons waardeer jou baie!

**Jan Roos**



Dear Diane and Tino.

Thank you for all that you do for the club and me.

Diane for the times that you have spent with me editing in the evenings and before outings.

Tino for the advice on camera equipment and general chats.

To both of you for inspiring me to be a better photographer and keeping me motivated when my photography has hit a slump.

Thank you for it all. I appreciate you guys.

**Monique Colavizza**

# APPRECIATION WALL

Tino en Diane

Baie besonderse bestuurspan. Niks is te veel moeite vir hulle nie en hulle is altyd beskikbaar om te help.

Tino is altyd op sy pos waar dit by klubaande kom. Sonder hom sal daar geen byeenkoms wees nie.

Omdat ons aanlyn is, moet hy altyd daar wees om dinge te dryf.

Hy is selfs so toegewyd, dat hy 'n paar dae van 'n oorsese toer afgestaan het, om 'n klubaand te bestuur.

Diane is altyd bereid om almal te help, veral die nuwelinge.

Hou so aan Diane en Tino, ons waardeer julle toewyding!

**Peter Thomas**



Wanneer n klub groei en wanneer daar saam gesels en fotos geneem word…

wanneer n klub se whatsapps
die 1ste whatsapps is wat jy oopmaak en lees..

net omdat jy weet daar is altyd iets interessant en leersaam

en omdat mense die moeite doen om regtig om te gee oor jou en jou fotografie ...

Dan weet jy…

daar is Baie spesiale mense in die klub.

Maar nog meer spesiaal is die bestuur.

Dankie vir elkeen van julle

en 'n spesiale dankie

aan Diane en Tino.

Ons waardeer julle moeite, tyd en insette ongelooflik baie.

**Anri Wessels**

To Tino and Diane,

Thank you for such a wonderful club.

Your efforts are truly inspiring,.

We appreciate everything you do.

**Gemma Anniciello**

# APPRECIATION WALL

Tino and Diane have been an absolute inspiration and guidance to me. They have shown me the right direction to follow.

The patience, help and the kind manner that Tino and Diane have given me is a true blessing.
The functions they organised are absolutely amazing.

Use of their home for club events, the set up of the photographic stations is of such a high quality.
Interesting guest speakers, judges for Club evenings have given tremendous information and feedback.

Giving me lifts to photography events.

Varies types of competitions that are arranged by Diane and Tino are well thought out and guiding you to become a better photographer.

There are other kind and helpful moments that they share with us asking no reward or recognition for the help that is given to the club.

Thank you



Trevor Borcherds

Aan Tannie Diana en Oom Albertino

Dankie vir al die tyd wat Oom en Tannie insit om die Brandpunt Fotoklub ń sukses te maak en soos ń familie te laat voel.

Dankie vir al die hulp en raad wat Oom en Tannie vir my gegee het met my fotos.

Dit sal altyd naby aan my hart bly en ek sal dit vir altyd onthou.
Dankie baie vir Alles Oom Albertino en Tannie Diane

Meryna Smith

# APPRECIATION WALL

TINO & DIANE

Brandpunt Fotoklub!  Wat 'n voorreg om aan so 'n suksesvolle en vaartbelynde virtuele Foto klub te behoort.

Die rede?  Die mense aan bestuur van ons virtuele Fotoklub en spesifiek Tino en Diane wat die voortou neem en wys hoe dit gedoen moet word.

Graag wil ek met hierdie paar woorde my dankbaarheid bewys teenoor julle, Tino & Diane.

Al julle opofferings gaan nie ongesiends verby nie.

Baie dankie wat julle vir ons Brandpunters doen!



Tino, om te Zoom is werklik n "breeze" met jou aan stuur.

Met jou tegniese kennis, rustige, kalm geaardheid, is elke Zoom meeting net 'n sukses.

Hiermee het jy ons virtuele klub op die "map" gesit, want jy het bewys dat dit wel moontlik en suksesvol kan wees.

Diane, vir jou is niks onmoontlik nie.

Met jou organiserings vermoë en "skills" reel jy elke maand vir ons uitsonderlike beoordelaars.

Daarby kan ons net  leer en onsself verbeter.

Dan ook al die ekstra fotogeleenthede, wat die Brandpunters aan kan deelneem.

Noem die behoefte en jy reel dit!

Dankie vir julle uitsonderlike bydrae om van Brandpuntfotoklub 'n sukses te maak.

Dankie vir al die opofferings, al julle persoonlike tyd wat julle in Brandpunt stort.

Dankie dat ons as Brandpuntlede, die voordeel kan kry en op die suksesgolf kan ry.

Met opregte waardering

**Marinda van Heerden**

**Fotograaf Karin van der Mescht**

# APPRECIATION WALL

Hiermee wil ek net aan Diane en Tino baie dankie sê vir hulle onbaatsugtige hulp en ondersteuning aan ons as lede van Brandpunt Fotoklub.

Ek glo nie ons besef altyd die harde werk wat hulle in die agtergrond vir die klub doen nie. Ons waardeer dit ongelooflik baie en is uiters dankbaar vir die uitstekende leierskap en baie toegewyde ure wat hulle opoffer.

Vir my persoonlik hier in Vancouver, Kanada, was ek uiters beïndruk met die wyse waarop Diane my ondersteun het vanaf dag een wat ek aangesluit het.

Die gereelde zoom sessies, die baie teksvrae, (nog steeds!) waardeer ek geweldig baie.

Dankie Tino vir jou gereelde eposse.

Waar ek aanvanklik baie huiwerig was om aan salonne deel te neem, het Diane my heeltyd aangemoedig om te begin deelneem.

Vir die moeite wat Diane gedoen het om Brandpunt Fotoklub bemarkings items by my uit te kry hier in Vancouver, baie dankie!

Die pet dra ek meeste van die tyd!
Baie dankie weereens Diane en Tino!!
Go Brandpunt!

**Nico Putter**




**Fotograaf - Peter Thomas**

# APPRECIATION WALL

Aan Tino en Diane,

Baie dankie dat ons kon leer by julle hoe om Photoshop te gebruik.

Al die moets en moenies van ons fotos.

Die bekendstelling van stil lewe.

Julle het ons nog net aangemoedig om aan alles deel te neem.

Ons neem nou deel aan internasionale salonne en nasionale salonne .

Ons neem nou ook deel aan verskillende genres.

Ons geniet al julle praatjies, aanmoedigings, grappies en geselskap.

Baie dankie.

**Estelle en Louis Mouton**



Ek wil die Brandpunt bestuur, maar veral vir Diane en Tino bedank vir wat julle vir die klub beteken.

Daar gaan nie 'n dag verby dat daar nie die een of ander "event" onder ons aandag gebring word nie.

Dit dui op entosiasme en toewyding wat aansteeklik is.

Al bly ek vêr, voel ek tuis by die klub.

Nogmaals dankie vir alles wat julle vir die klub doen.

Dit gaan beslis nie ongesiens en sonder waardering verby nie.

Doen so voort.

**Gerhard Potgieter**

Kort nadat ek by die Brandpunt aangesluit het, het ek Tino en Diane persoonlik leer ken tydens ‘n fotografie naweek in die Oos-Vrystaat.

Hulle was so gewillig om hulle kennis te deel en mens met raad en daad by te staan.

Dieselfde het ek beleef die afgelope jaar; die moeite wat hulle doen vir elke klub lid, persoonlike opofferings, niks is ooit te veel moeite nie, baie waarvan agter die skerms gebeur.

Dankie Tino en Diane, julle maak ‘n verskil waar julle ook al kom.

Ek ag julle nie net as uitstekende fotograwe nie, maar ook as goeie vriende.

**Ingrid Orrock**

Dear Diane and Tino.

Thank you for all that do for the club and me.

Diane for the times that you have spent with me editing in the evenings and before outings.

Tino for the advice on camera equipment and general chats.

To both of you for inspiring me to be a better photographer and keeping me motivated when my photography has hit a slump.

Thank you for it all. I appreciate you guys.

***Monique Colavizza***

**Fotograaf Karin van der Mescht**

# APPRECIATION WALL

## Tino en Diane

Tino en Diane, wenspan!
Toe ek deel van Brandpunt geword het was Reppies nog met ons. Kort daarna het dinge egter verander en Tino en Diane het die perdekar begin trek. Van beter na beter. Brandpunt het gegroei, nie net in lede tal nie maar ook op punte prestasies, opgeskuif in plek tussen al die klubs. Ons weet natuurlik ander lede het ook lede gewerf, maar die werk wat Tino en (veral dalk) Diane in die agtergrond insit, is onmeetbaar. Sy hou almal op hulle tone en op hoogte van enige byeenkoms, salon, uitstappie, Vergadering ens. Ons kan maar net dankie sê vir julle twee. Vir dit wat ons sien en vir dit wat ons nie sien nie.
Ons waardeer julle.
Die perdekar het 'n Porche geword (met respek teenoor vorige bestuur)

**Elsa E. van Dyk**

From Huawei Notepad

Baie dankie Diane en Tino

Dankie vir al julle positiewe insette en harde werk.

Dankie daarvoor om fotografie vir ons almal lekker en opwindend te maak.

Ons waardeer julle.

Ons sien altyd baie uit na die klubaande en die kommentaar op almal se fotos!

Die paar maande wat ons nou al by Brandpunt is, was selfverrykend vir ons fotografie.

**Wynand Scholtz en Mari Rossouw**




**Fotograaf - Peter Thomas**

As ek aan julle twee dink, sien ek baie harde werk  wat agter die skerms gedoen word.

Ek sien wat julle alles reghou en so ons klub se wiele geolie hou.

Al die tegniese werk wat ons nie eens verstaan nie.

Daar is  voorleggings elke klubaand en Excel spreadsheets.

Al ons punte is daarop en dit is op datum.

Dit word met presisie  en op tyd vir ons aangestuur deur Tino.

En elke klub- en selfoonaand se program vloei  deur,  foutloos en glad.

Dit maak dat ons as klublede elke oomblik net kan geniet.
Diane, ek weet jy is die beste bemarker van Brandpunt.

Die beste organiseerder van beoordeelaars, die mentor van beginners.

Jy is ook die  beoordelaar en inspireerder vir ons almal.


Julle laat dit maklik lyk, maar ons weet daar is baie balle om in die lug te hou.

Dankie vir alles .

Weet dat ons dit  waardeer en dat julle al die druk  namens ons hanteer vir Brandpunt.
Mag julle nog lank aanhou en ons na verdere hoogtes lei.

Ek skryf hierdie met groot dankbaarheid en waardering vir julle in my hart.

**Sarie du Plessis**







## APPRECIATION WALL

**Fotograaf - Sarie du Plessis**

# APPRECIATION WALL

Beste en Liewe Diane en Albertino,

Ek wil graag namens al die lede van ons Kamera Klub my opregte dank en waardering uitspreek vir julle onbaatsugtige toewyding, harde werk en BAIE TYD wat julle aan Brandpuntfotoklub gee.

Ons is opreg dankbaar vir julle twee aan die stuur van ons dinamiese Klub.

Dit is danksy julle sorgvuldige rekenaar werk, deurdagte reëlings en volgehoue pogings "agter die skerms", dat elke Klubbyeenkoms nie net 'n sukses is nie, maar ook 'n geleentheid waar ons as fotografieliefhebbers kan groei, leer en inspirasie kan put.

En ons kuier ook al te lekker saam tydens ons Zoom sessies.

Diane, dankie vir jou reëlings vir Sprekers en Beoordelaars.

Ons lede leer so baie by hierdie mense. Dit is 'n onmisbare bydrae wat ons almal diep waardeer.

Diane, dankie vir die uitdagende en stimulerende Fotografie onderwerpe wat jy vir ons kies om te gaan afneem en dan daarmee saam weer die aanmoediging om uit te gaan en die Foto's te gaan soek.

Diane en Tino, dankie dat julle met soveel sorg en toewyding vir ons almal 'n ruimte skep waar ons, ons gedeelde passie vir fotografie kan uitleef.
Pottie.

**Johan Potgieter**







**Fotograaf - Peter Thomas**

# APPRECIATION WALL

Ek was so bietjie meer as 'n jaar terug opsoek na 'n fotografie klub, waar ek my stokperdjie as fotograaf kon uitleef, maar belangriker nog, was waar ek kon leer by kundiges om 'n beter fotograaf te word. Op die internet kry ek 'n skakel wat my na Brandpunt fotografieklub neem. Die webbladsy is professioneel uitgelê en dit het dadelik my belangstelling geprikkel. Die besonderhede van die klubbestuur was op die blad en ek skakel die nommers. Die gesprek met die sekretaresse , Judy Joubert was vriendelik en sy deel my mee dat die voorsitter my sou kontak. Nie lank na die gesprek, ontvang ek 'n oproep van Diane. Die oproep het natuurlik my fotografie lewe net daar en dan verander.

Diane nooi my uit na hulle zoom vergadering wat ek ook bywoon uit nuuskierigheid en ontmoet daar die wonderlikste lede aanlyn. Ek sluit sonder geen aarseling aan by die klub en groei nog elke dag as fotograaf onder leiding van al die uitstaande lede.

Dit is vir my aangenaam om 'n lid te wees, onder die leiding van Diane en Tino, twee ongelooflike mense. Hulle passie, liefde, verbintenis en leiding aan die Brandpunt fotografieklub is ongekend. Onder Diane se voorsitterskap groei ons klub maand na maand onder uitstaande leier- en mentorskap van al die lede. Persoonlik het ek by verskeie geleenthede saam met Diane en Tino fotografie sessies bygewoon en hulle is figuurlik soos 'n hen oor haar kuikens, bekommerd oor elke lid. Jy kry koeldrank, sit saam as klublede aan tafel, fotografie geleenthede sit die klublede saam as 'n groep wat net 'n aanduiding is van hoe hulle leiding samehorigheid in die klub bewerkstellig.

Diane raak soms weg maar dit is om skouer te skuur met ander fotograwe, sy is geliefd onder mede fotograwe. Sy ken so baie mense, mense wat sy uitnooi om praatjies te hou of selfs ons fotos te beoordeel, sodoende die klub te verbeter.

Diane en Tino se prioriteit is die fotografie klub, soos onlangs gedemonstreer is toe Tino nie saam met die groep na Istanbul toe is nie, maar agtergebly het om klubaangeleenthede te behartig. Hy het die klub eerste gestel toe eers die oorseese toer – ongelooflike en ongekende toegewydheid aan die klub en sy lede,. Min ander sou dit gedoen het!

Ek glo onder hulle leiding gaan Brandpunt nog tot ongelooflike hoogtes groei en uitstaande fotograwe oplewer, soos wat daar reeds in ons klub is. Ek het nie eers geweet jy kry 12 ster fotograwe nie maar ons het in die klub sommer verskeie dubbelsyfer fotograwe. Prestasies van die lede in die klub hetsy maandtemas, selfoonfotos of salonne plaaslik of internasionaal se uitslae word op die groep geplaas. Whatsapp gons soos almal aan die weldoeners geluk sê na so 'n aankondiging. Die internet is vol van inligting en fotos van die klub, alles te danke aan Peter, baie dankie.

Die klub is nog een van baie min klubs wat elke maand hul nuusbrief op die PSSA webtuiste plaas, en wat 'n wonderlike nuusbrief is dit nie, aan Karin, dankie vir die wonderlike werk. Wel gedaan.

Persoonlik was my besluit om by Brandpunt fotoklub aan te sluit .'n Uitstekende besluit en deur die leiding van twee ongelooflike mense, Diane en Tino maar ook die besonderse lede wat op die bestuur dien. Met die span gaan die klub nog groot hoogtes bereik. Brandpunt is die beste en ook die klub met die beste bestuur! Ek salueer julle!

**Carlos da Silva**

# APPRECIATION WALL

Liewe Diane en Tino

Ek het kort voor Covid se Lock Down by Brandpuntfotoklub aangesluit.  Ek het sommer dadelik by Diane en Tino se huis opgeland.

Diane het my  daar en dan  geregisteer op Photovault . Dit het so vinnig gebeur, dit het gelyk soos  oëveblindery. Ek het nog nie eers geweet hoe om 'n kamera ordentlik vas te hou nie.

Toe ek weer sien,  is ek nog 'n keer by hulle huis om  fotos te bring wat ek al geneem het.  Tino het 'n watertoring wat ek geneem het reguit getrek wat windskeef was. Hy het my gewys wat om te doen. Ek was totaal verlore. Hy was rustig, kalm en geduldig.

Hy is 'n stil, slim, hardwerkende man en vra nie sommer vir hulp nie. Altyd, tot vandag toe nog.  Dis Tino daai.

Diane was so entoesiasties. Sy is nou nog so.  Sy het  vir my gesê  "Jy gaan nog vêr kom"  Dit was die tweede keer wat sy my gesien het.  Ek dog die vrou weet nie waarvan sy praat nie. Sy het in my geglo, toe ek nie eers in myself geglo het nie. Sy het my leer edit, my geleer om my fotos skoon te maak. Sy het haar hand, bo op my hand gesit, en my gewys hoe ek die rekenaar muis  moet beweeg as ek die fotos verwerk. Dit is hoe min ek geweet het. Dit is hoe intens sy my gelei het.

Haar entoesiasme,  gevoel vir dringendheid,  perfeksionisme , mededeelsaamheid , vrygewigheid,  toewyding en hardwerkendheid  is haar beste kwaliteite.  Dit is Diane.  Ek is  baie gelukkig dat my pad haar en Tino s'n gekruis het. Hulle het my liefde vir fotografie  aangewakker en laat gedy.

*Karin van der Mescht*






**Fotograaf  Peter Thomas**

# APPRECIATION WALL

Tino en Diane

Ek het by Brandpunt aangesluit in 2021 as n totale groentjie. Ek was glad nie van plan om ernstig te raak oor fotografie nie, maar Karin het aangedring dat ek moet aansluit.

Brandpunt was in 'n oorgangsfase waar die bestuur besig was om uit te beweeg terwyl Tino en Diane reg gestaan het om die bal op te tel. Ek het eers later besef watter impak hulle op Brandpunt se voortbestaan sou hê.

Die twee van hulle is 'n wenspan. Tino, stil maar uiters pligsgetrou met akkurate bestuur van ons inligting met die PSSA en lede. Diane wat onmeetbaar entoesiasties en geintegreerd in die fotografie wêreld is.

As die twee 'n doelwit het, sit hulle alles in om dit te bereik.

Van die groot suksesse staan die Brandpunt Salonne bo die ander uit. Dit was nie net goed vir ons finansies nie, maar ook van die reputasie van

Brandpuntfotoklub.

Om 'n Salon aan te bied, is onsaglik baie en verantwoordelike werk. Met bitter min insette van lede het hulle gereel vir beoordelaars, brosjures, nagaan van fotos wat ingeskryf was, uitreik van resultate, medaljes en sertifikate.

Die Salonne was baie suksesvol en was 'n voorbeeld vir ander van wat dit beteken om op tyd die doelwitte in die brosjures te handhaaf.

Die groei in ledetalle en kundigheid van fotograwe van heinde en verre is ook 'n suksesvolle proses en begin spoed optel!

Diane dink altyd lank vooruit en maak seker dat ons bevoegde beoordelaars het vir ons klubfotos. In die agtergrond stuur Tino die fotos na die

beoordelaars toe, kry resultate, laai dit in TOP, en berei al die Powerpoint voorleggings voor. Hy dateer alles op, direk na ons vergaderings verby is.

Voor ons gaan slaap het ons, ons vorderings verslae.

Intussen help Diane waar sy kan, kry gassprekers, reël vir opleiding en knyp tyd af om nuwelinge self by te staan en aan te moedig.

Sy reel uitstappies, kry en stuur inligting aangaande kongresse, fotogeleenthede en PSSA reels aan die lede.

Die twee mense gee alles wat hulle het vir Brandpunt sonder enige selfsug.

Ons is ongelooflik bevooreg om die egpaar in ons bestuurspan te hê. Hulle verdien ons ondersteuning, hulp en dankbaarheid.

Kom ons hou ons kritiek sag en ons waardering hoog.

**Nick van der Mescht.**



**APPRECIATION WALL**





BRANDPUNT FOTOKLUB

# SPOGBLAD

## PSSA

Veels geluk aan Diane Gonvalves

wat haar DPSSA verdien het.

Wel gedaan. Dit wil gedoen word.

## KLUBBEVORDERINGS


**Bevorderings**

Wynand Scholtz - Veels geluk. Word bevorder na ‘n 2 ster.

- Veels geluk met jou eerste Salon aanvaarding.

Mari Rossouw - Veels geluk. Word bevorder na ‘n 2 ster.

## MEDIADEKKING




Fotograaf - Peter Thomas

11 Ster

# SPOGBLAD

Medalje toekenning by Paarl Salon inskrywing



Fotograaf Diane Goncalves

7 Ster

# SPOGBLAD

**Medalje toekenning by Paarl Salon inskrywing**




**Fotograaf - Deidre Schnetler**

**3 Ster**

# SPOGBLAD

**Medalje toekenning by Paarl Salon inskrywing**




**Fotograaf - Peter Thomas**

**11 Ster**

# SPOGBLAD

**Meriete toekennings in Salon inskrywings by Paarl Salon en 2 Merietes by German International Photocup**



**Fotograaf - Irene Kok**

**3 Ster**

# SPOGBLAD

## Meriete toekennings vir Magalies  Salon inskrywings






**Fotograaf Peter Thomas**

**11 Ster**

# SPOGBLAD

## Meriete toekennings vir Magalies  Salon inskrywings






**Fotograaf Peter Thomas**

**11 Ster**

# SPOGBLAD

## Meriete toekennings vir Magalies  Salon inskrywings



**Fotograaf  - Peter Thomas**

**11 Ster**

# SPOGBLAD

**Meriete toekenning in  Paarl Salon inskrywing**



**Fotograaf  - Judy Joubert**

**6 Ster**

# SPOGBLAD

**Meriete toekennings in Paarl  Salon inskrywings**






**Fotograaf - Deidre Schnetler**

**3 Ster**



## **VERJAARSDAE 2025**

Veels geluk aan Doreen wat in hierdie wintermaand verjaar. Mag dit 'n wonderlike vrolike jaar wees. Mag dit gevul wees met geluk, vreugde, wysheid, liefde, goeie gesondheid en mag alles sommer net lekker wees.

**17 Junie Doreen Thomas**









Die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.

# Junie is hier

Dit is die afsluiting van PSSA se boekjaar. Onthou om sommer nou al julle nuwe jaarfooie te betaal. Afslag is geldig as jy dit betaal voordat die jaar afsluit. M.a.w. voor einde Junie. Daar is ook spesiale tariewe vir paartjies. Dis nie nou die tyd om op jou louere te rus nie. As jy wil presteer op die Impala lys, moet jy nou dadelik begin inskryf vanaf 1 Julie 2025 om kompeterend te wees. Al is dit net teen jouself.

Jaag jou eie doelwitte. Dit maak die lewe net soveel lekkerder.

Dis jou lewe. Dis jou stokperdjie.





Beste groete.

Redaktrise.

Karin van der Mescht

Die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.